**11 Oktober 2020** **God tugtig, Hoor en Help. (Jona 2)**

- **Verwelkoming**
- **Afkondigings**
- **Votum en Seën (Psalm 48)**

| | |
|---|---|
| 2 | Die Here is groot! Aan Hom kom al die lof toe hier in die stad van ons God, hier op sy heilige berg, |
| 3 | mooi, hoog geleë, en 'n vreugde vir die hele aarde, Sionsberg teen die noorde, die stad van die Groot Koning. |
| 4 | In hierdie goed versterkte stad het God Hom as beskermer geopenbaar. |
| 5 | Konings het bymekaargekom en as een mag opgetrek, |
| 6 | maar skaars het hulle die stad gesien of hulle het bang geword en verskrik op die vlug geslaan. |
| 7 | Angs het hulle daar beetgepak, vrees soos dié van 'n vrou wat 'n kind in die wêreld bring, |
| 8 | angs soos toe U met die oostewind die skepe van Tarsis verpletter het. |
| 9 | Soos ons daarvan gehoor het, het ons dit self ervaar hier in die stad van die Here, die Almagtige, in die stad van ons God, die stad wat Hy vir altyd vas laat staan. Sela |
| 10 | Hier in u tempel oordink ons u trou, o God. |
| 11 | Net soos u Naam, o God, so strek u lof oor die hele aarde. U mag het groot redding gebring. |
| 12 | Sionsberg moet bly wees, die stede van Juda moet oor u reddingsdade juig! |
| 13 | Gaan om Sion, trek reg rondom, tel sy torings, |
| 14 | bewonder sy mure, bekyk sy versterkings, sodat julle dit aan 'n volgende geslag kan vertel! |
| 15 | Dié God is ons God vir altyd; Hy sal ons altyd lei. |

Die Genade van ons Here Jesus Christus, die een wat oor elkeen van ons die waak hou, die Genade van Ons God en Vader, wat gister en vandag en more dieselfde is en wat ons oneindig liefhet en deur die kragtige werking van Sy Heilige Gees wat ons die pad wys na die beloofte land is hier met ons en by ons teenwoordig. Amen

**Oomblik van Stilte**

**Die Onse Vader – Amira en Skouspel**

**Skriflesing**

| | |
|---|---|
| 1 | Toe bid Jona daar binne-in die vis tot die Here sy God. |
| 2 | Jona het gesê: “In my nood het ek tot die Here geroep, en Hy het my gebed verhoor. Diep in die doderyk het ek hulp gevra, en U, Here, het my gehoor. |
| 3 | U het my die diepte ingegooi, diep in die see, en die watermassa het my omring. U het golf na golf oor my laat gaan. |
| 4 | Ek het gedink ek het uit u gesig verdwyn, maar tog sal ek weer u heilige tempel aanskou. |
| 5 | Die waters het my toegevou, die groot water het my omring, seegras was om my kop gedraai. |
| 6 | Ek het afgesak tot by die fondamente van die berge, die aarde het my vir altyd toegesluit. Maar U, Here my God, het my van die dood gered. |
| 7 | Toe ek wou vergaan, het ek aan die Here gedink, en my gebed het by U gekom, in u heilige tempel. |
| 8 | Dié wat op nuttelose afgode vertrou, verlaat Hom wat liefde aan hulle betoon. |
| 9 | Terwyl ek 'n loflied sing, wil ek aan U 'n offer bring; wat ek beloof het, sal ek doen. Hulp kom net van die Here af.” |
| 10 | Toe beveel die Here die vis, en hy het vir Jona op die vasteland uitgespoeg. |

As jy hiérdie hoofstuk in die Bybel gelees het, dan besef jy dat dit nie so hoef te werk nie. Die Here is só goed dat Hy selfs vir Sy kinders wat Hy tug,

’n Helper is wanneer hulle in hulle nood na Hom roep. Dis die kerngedagte van vanoggend se preek: - al tug God Sy kind, hoor Hy nog as dié Hom roep.

Kom ons kyk na

- God wat Jona tug
- Jona wat roep (mens kan hier die term gebed ook gebruik)
- God wat help

**GOD TUG (Opsomming van Laasweek)**

Jona was ’n profeet van die Here, wat in die tyd van koning Jerobeam II van die Tien Stammeryk (Israel) as profeet opgetree het.

Ons lees van suksesse wat hy vir Israel en Jerobeam geprofeteer het en wat vervul is – wat so gebeur het soos wat hy geprofeteer het.

- Hy was ook, so is duidelik uit hierdie boek oor hom, ’n gelowige mens – ’n kind van die Here.
- Maar toe kry hy ’n baie moeilike opdrag.
- Hy moes God se oordeel oor Ninevé, die hoofstad van een van die groot moondhede van daardie tyd, vir hulle gaan aankondig.
- Hy moes vir mense wat heidene was, wat nie die ware God geken het nie, en wat vyande van die Israeliete was, gaan sê dat die Here teen hulle boosheid/sondigheid gaan optree!
- ’n Bitter moeilike taak!

- Dink net hoe moeilik is dit al om na vreemde lande toe te gaan en die góéie nuus van Jesus Christus daar te gaan preek.

- Hoe moet jy slegte nuus aan vreemde en vyandige mense gaan oordra…?

En toe doen Jona ’n dwase ding: - hy doen nie wat die Here hom beveel nie; - hy’s ongehoorsaam aan die Een wat hom stuur; - en dit nie in ’n oomblik van swakheid nie, maar in ’n beplande vlug presies na die teenoorgestelde kant toe as wat die Here hom gestuur het;

- dis eintlik ook ’n belediging vir die Here, dat Jona dink jy kan vir Hom wegvlug

- so asof Hy maar net die plaaslike godjie is en jy van Hom af kan wegkom deur landuit te gaan, terwyl Hy eintlik die ganse heelal vol is!

Maar toe keer die Here hom voor op sy vlugpad.

En Hy keer hom voor met ’n tugtigende hand:

1. in die eerste plek al deur ’n storm op die see te laat opkom wat ál die mense op die skip – en daarom ook Jona – se lewe bedreig het;
2. in die tweede plek deur Jona te verneder deur hom voor al daardie heidense matrose deur die lot aan te wys as die skuldige;
3. en dan in die derde plek deur hom in die stormsee te laat gooi, wat so goed soos ’n doodsvonnis was

- en dan nog die ondenkbare verskrikking – om lewendig deur ’n reuse-vis ingesluk te word!

God tug Sy blatante ongehoorsame kind en dienaar.

**JONA ROEP (vandag se preek)**

- In sy nood, daar binne-in die vis, het Jona tot God gebid.
- Hy sê: - Uit my benoudheid het ek die HERE aangeroep…
- Uit die binneste van die doderyk het ek geroep om hulp…

In vers 7 sê hy dat hy, toe hy gereken het dis verby met hom, aan die HERE gedink het en tot Hom gebid het.

Kan u u die benoudheid wat Jona moes deurgemaak het, indink? Uit sy beskrywing daarvan in hierdie verse, is dit duidelik dat hy in hierdie tyd by sy volle bewussyn was.

Hy’t dit beleef hoe hy in die stormsee gegooi word en hoe die verskriklike golwe en stormbranders van die diepsee oor hom spoel.

Hy’t dit beleef hoe hy wegsink in die see toe hy nie meer bo kon bly nie en hy aan alle kante omring word deur die watermassas.

Dit het vir hom gevoel of hy tot, op die seebodem afgaan

- die laagste vlak van die aarde.

Hy't dit beleef hoe hy in seeplante verstrengel raak en van hulle om sy kop gedraai is.

En omdat hy magteloos was om uit die see te kom, het dit vir hom gevoel asof hy met groot deure van die droë grond af weggesluit was.

En toe hy binne in die vis was, het dit vir hom gevoel asof hy iemand was wat klaar dood en begrawe was.

En onthou nou: Ons lees dit in die teks self.

- hy't nie geweet dat alles goed gaan eindig nie

- en het waarskynlik daar in die vis in doodsangs gewonder hoe lank hy nog daar gaan leef en watter vorm sy onvermydelike dood daar gaan hê!

- En dit was op hierdie oomblik waar Jona gevoel het dat die Here hom verlaat het. Daar waar Hy  sy laaste asem sal gebruik en waar hy gaan sterwe
- Op hierdie laagste punt in Jona se lewe besef Hy ook, dat die enigste manier waarop Hy vrede hê of ervaar is deur God aan te roep!
- Hy't besef dat dit alles die Here se hand was wat hom getref het.

Hy sê (volgens vers 2) dat dit die Hére is wat hom in die see gegooi het, al was matrose-hande die Here se instrumente.

- En hy noem die branders en golwe wat oor hom storm, u bare en u golwe.10 Dis die Here wat hulle oor hom bring!
- En hy sê (volgens v 4) dat hy dit beleef dat die Here hom weggestoot het van Hom af.
- Hy wéét dis God wat hom tug.

En tog roep hy Hom aan! Hy, die ongehoorsame kind en dienaar, wat van die Here af probeer wegvlug het, vlug nou in sy nood terug na God toe!

En daar waar hy is – binne in die vis, as't ware dood en begrawe, vra hy die Here se hulp.

Want toe hy aan die Here gedink het, het hy onthou dat Hy 'n barmhartige en genadige God is, lankmoedig, getrou en liefdevol,

die Een wat nie vir altyd kwaad bly nie, maar sondes vergewe en as 'n Vader jammer kry.

Hy't verstaan dat die Here (soos die Here Jesus ons later uitdruklik sou leer), dié wat na Hom tot kom, nooit sal verwerp nie, en dat die hemelse Vader 'n verlore seun wat terugkom huis toe, met oop arms verwelkom.

Jona bid. Terwyl hy die pak slae kry, roep hy Hy wag nie maar gelate tot alles verby is en probeer dan – as hy dan nog sou leef – om 'n beter kind van God te wees nie, maar ín sy nood roep hy God om te help! En hy wórd gehelp.

**GOD HELP God het Jona gehoor roep en Hy't hom verhoor – gehelp.**

Hy beveel die vis om Jona op die droë grond, wat hy gedink het vir altyd vir hom toegesluit was, uit te spoeg. God, wat die storm gebring het en wat die lot só laat uitwerk het dat Jona aangewys is en wat die storm laat bedaar het toe Jona oorboord gegooi is en wat die vis beskik het wat hom ingesluk het, kan ook die vis net beveel en hy doen iets wat geen vis normaalweg sou doen nie: om sy "prooi" op land te gaan uitbring.

Met Sy absolute beheer oor Sy hele skepping, tug die Here én help en red die Here! Eintlik help nie Here nie nou eers, as die vis Jona uitspoeg, nie.

Op 'n manier het die vis wat Jona ingesluk het, hom al van verdrinking gered. En op maniere wat ons nie kan verstaan nie, het die Here Jona in die vis teen die normale verteringsprosesse beskerm en hom fisies aan die lewe gehou en by sy volle bewussyn.

Dít was ook al hulp en redding! Maar die feit is: as hierdie ongehoorsame kind en ontroue dienaar van die Here Hom aanroep terwyl hy getug word oor sy ongehoorsaamheid en ontrou, dan hoor die Here met Sy barmhartige en genadige en lankmoedige en getroue en liefdevolle hart, en Sy hand, wat swaar gedruk het, word die hand wat wonderlik help.

Natuurlik was dit nie die einde van die pad wat God met Jona geloop het nie. Jona moes hierna tog maar Ninevé toe gaan, want die Here laat Sy planne nie deur ongehoorsame kinders in die wiele ry nie.

En die Here moes vorentoe nog hard skaaf aan Jona se eie geestelike lewe. Maar dis soos dit werk: - die Here verhoor Sy kinders wat roep, nie net om die lewe vir hulle makliker te maak nie, maar ook om Sy doel en plan met hulle verder voort te sit.

En eeue na Jona se lewe sou ons ook hoor, dat dit wat met hom gebeur het, bedoel was as ’n voorskou van die grootste nood en die grootste wonder wat hierdie wêreld ooit sou beleef:

- dat die Here Jesus, wat regtig dood en begrawe was, nadat Hy aan die kruis gely en gesterf het juis om ons van die straf van God op al ons sondes te bevry, op die derde dag lewend uit die graf uitgekom het;

- wat met Jona gebeur het, was ’n teken van die dood en opstanding van die Here Jesus Christus!

Maar op die heel basiese vlak, is hier ’n kind van die Here wat dit waag om die Here aan te roep terwyl hy weet dat hy vir sy ongehoorsaamheid getug word, en dan – want so goed is die Here – wonderlik deur die Here gehoor en help word.

TOEPASSSING

As jy in die stormwaters van die lewe beland, en die Heilige Gees (God, wat in jou hart werk) jou laat insien dat dit die Here se hand is wat dit as tugtiging oor ongehoorsaamheid en ontrou oor jou gebring het, dan kan ’n mens dalk voel:

- ek mag nie nou vir hulp en uitkoms vra nie;
- ek verdien mos wat ek nou ly;
- ek moet hierdie vonnis nou maar uitdien;
- daarná sal ek weer met die Here ’n beter pad probeer loop.
- Maar wie so voel, moet weer aan die Here dink
- aan die Vaderhart wat jammer kry en wat weet hoe nietig ons is
- aan die Verlosser en Middelaar wat by die genadetroon vir ons intree as Een wat medelye het met ons swakhede;
- aan die Heilige Gees, wat woordelose versugtinge namens ons laat opgaan boontoe.

Dink aan die Here, en roep Hom aan, in die nood, terwyl die houe val… **Hy sal hoor. En Hy sal help**.

Hy’t maniere om Sy kinders in hulle diepste nood te help, totdat Hy die bevel gee dat die benoudheid jou moet uitspoeg en jy weer heerlik op vaste grond sal staan… AMEN

- **Gebed**

- **Staan vir Geloofsbelydenis**
- **Seengroet**

Die HERE sal julle seën en julle beskerm;
Die HERE sal tot julle redding verskyn en julle genadig wees;
Die HERE sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee.
Amen